Orionland Kleuterskool

# FINANSIES

## ORIONLAND KLEUTERSKOOL EN NASKOOL

- Orionland Kleuterskoolgelde beloop tans R30 250-00 per kind vir 2025. Hierdie bedrag is in 11 gelyke paaiemente verdeel en is betaalbaar vanaf Januarie tot November. Die skoolgelde sluit ook Instappies en Kerspartytjiefooie in.

- Die Naskoolsentrumgelde vir die kleuters beloop tans R6 900-00 per kind vir 2025. Hierdie bedrag is in 10 gelyke paaiemente verdeel en is betaalbaar vanaf Januarie tot Oktober.

- **2026 SE FOOIE WORD NA DIE BEGROTINGSVERGADERING IN NOVEMBER 2025 VASGESTEL.**

- Aangesien die Kleuterskool en Naskoolsentrum onafhanklik van Laerskool Orion funksioneer en vir sy eie uitgawes verantwoordelik is, is die gelde maandeliks vooruitbetaalbaar - **vóór die 7de van elke maand.**

- Indien u deur die loop van die jaar by ons Kleuterskool of Naskool aansluit, sal u rekening pro-rata bereken word. Ons versoek u dus om met die finansiële kantoor in verbinding te tree (fin@lsorion.co.za).

- Indien die VOLLE bedrag vir die Kleuterskoolgelde vóór einde Februarie betaal word, sal 10% korting toegestaan word. Hierdie korting is SLEGS op skoolgelde van toepassing en NIE op die Instappie- en Kerspartytjiegelde nie.

- Ongelukkig word GEEN vermindering op Orionland Kleuterskoolgelde toegestaan nie.

- GEEN korting of vermindering word op Naskoolgelde toegestaan nie.

- Indien u alternatiewe betaalreëlings wil tref, kan u vir Me. Hart skriftelik kontak vir goedkeuring (debiteure@lsorion.co.za).

- Elektroniese betalings kan vir u gerief gedoen word. Volg asb. die instruksies op die volgende bladsy.

- **Een kalendermaand skriftelike kennis** word vereis indien u kind die Kleuterskool of Naskoolsentrum sou verlaat **(fin@lsorion.co.za / orionlandnavrae@lsorion.co.za).**

- Toelating tot Orionland/Naskoolsentrum vir die daaropvolgende jaar, is onderhewig aan die **volle betaling** van die huidige skooljaar se fooie voor/op 7 November.

- Die reg van toegang tot Orionland Kleuterskool en Naskool word voorbehou.

Orionland Kleuterskool

## WYSE VAN BETALING

**Kontant:**

Kontant kan tydens skoolure by die finansiële kantoor van Laerskool Orion inbetaal word. Indien u kontant saam met u kind stuur, word dit by die registeronderwyseres inbetaal. Alle gelde moet in 'n verseëlde koevert, met die volgende inligting daarop, gestuur word.

- Kleuter se naam, van en graad
- Die bedrag wat betaal word
  **bv. Jan Swanepoel   Gr. 0 - 1  R 2 750-00**

# Elektroniese betaling

Bankbesonderhede vir **ORIONLAND KLEUTERSKOOL** is as volg:

| | |
|---|---|
| Rek. Naam : | Orionland Kleuterskool |
| Tjekrekening nr: | 409 057 2170 |
| Takkode : | 506442 |
| Elektronies: | 632005 |
| Tak: | ABSA – JOHANNESBURG SOUTH |
| VERWYSING: | SOOS OP U STAAT |

Bankbesonderhede vir **KLEUTERSKOOL - NASKOOLSENTRUM** is as volg:

| | |
|---|---|
| Rek. Naam: | Naskoolsentrum |
| Tjekrekening nr: | 409 057 4449 |
| Takkode : | 506442 |
| Elektronies: | 632005 |
| Tak: | ABSA – JOHANNESBURG SOUTH |
| VERWYSING: | SOOS OP U STAAT |

Stuur gerus die bewys van inbetaling na Me. le Roux by fin@lsorion.co.za

Alle navrae rakende die finansies, word deur die finansiële kantoor by Laerskool Orion hanteer.

Kaartfasiliteite

U kan met u kredietkaart of debietkaart by die finansiële kantoor betaal, nie by die kleuterskool nie.

Indien die rekening agterstallig raak, moet u ons onmiddellik kontak.

- Agterstallige rekeninge, sonder skriftelike reëlings, kan daartoe lei dat u kind sy/haar plek by Orionland/Naskoolsentrum kan verbeur.
- Geen uitstaande gelde mag oorgedra word na die daaropvolgende jaar nie, aangesien ons ’n waglys vir elke graad het.

Orionland Kleuterskool